# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

Julie/July 2025

For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe



Kampioen duif SA's 2025



Nico van der Westhuisen ontvang sy trofees vir Kampioen duif op skou en Kampioen Jong-duif van Chris de Bruin

Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV

**SUID-AFRIKAANSE SIERDUIFVERENIGING / SOUTH AFRICAN FANCY PIGEON ASSOCIATION**


## Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr. Warren Klopper Mr. Clive Druce

Mr. Stewart Patterson Mnr. Wynand Wessels

Ds. Renier Lee Mnr. Pierre le Roux

Ds. Hennie Hattingh

## Uitvoerende Komitee / Executive Committee

### Nasionale / National President

Dirk Scholtz, Posbus 21110, Nelspruit. 1200 Sel: 082 452 4229 E-pos: dirk@harmonie@co.za

### Nasionale Vise-President / National Vice-President: (Gekoöpteer)

Leendert Snyman, Posbus 41, Griekwastad, 8365, Sel: 083 286 8496, E-pos leendert270@gmail.com

### Nasionale Sekretaris / National Secretary:

Gerhard van Aswegen, Posbus 2792, Krugersdorp, 1740, Sel: 082 921 1747, E-Pos: gjtlofts1@gmail.com

### National Treasurer / Nasionale Tesourier:

Bertie Wessels, Posbus 1085, Bothaville. 9660 Sel: 083 733 4191, E-Pos: bertie_wessels@hotmail.com

### National Ring Master / Nasionale Ringmeester:

Robin Prince, 53 Mangold Street, Newton Park, Gqeberha, 6045 Sel: 082 957 6773 / 082 565 9022,

E-pos: safpa.rings@telkomsa.net

### Nasionale Redakteur / National Editor:

Cora Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2499 Sel: 076 313 2873, E-Pos: coramunnik@gmail.com

### Nasionale Beoordelaarsbeampte / National Judges Officer:

Christo Munnik, 37 Protea St, West Village, Carletonville, 2449 Sel: 076 391 5800, E-pos: cora.christo@gmail.com

### Nasionale Jeugverteenwoordiger / National Youth Representative

Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082-855-0089 E-pos: pietodendaal01@gmail.com

### Streekverteenwoordigers / Region Representatives

**Noord-van-die-Vaal:** Shaun Smeda, 6 Shirley Road, Valhalla, Centurion, 0185 Sel: 072 190 0345,

E-pos: Shaunsmeda@intercape.co.za

**Vrystaat:** Chris vd Walt, 1 Stanton Street, Fichardpark, Bloemfontein. 9301 Sel: 082 378 6447,

E-pos: plakkers@wol.co.za

**Wes Kaap:** Pieter Neethling, 21 St Thomas Street, Malmesbury, 7322 Sel: 081 397 9960

E-pos: thehaircorporation12@gmail.com

**Noord-Vrystaat:** Piet Odendaal, Posbus 260, Odendaalsrus, 9480 Sel: 082 855 0089,

E-pos: pietodendaal01@gmail.com

**Oostelik Streek:** At van Jaarsveld, Posbus 3568, Middelburg, 1050, Sel: 072 368 1214,

E-Pos: atvanjaarsveld@gmail.com

**Noord Kaap:** Seppie Esterhuisen, Posbus 52, Upington, 8800 Sel: 082 559 1132,

E-Pos: seppie.esterhuisen@gmail.com

**Oostelike Provinsie:** Pieter Els, 16 De La Fonteinstraat, Young Park, Gqeberha, 6001 Sel: 073 449 2312,

E-Pos: pieterels1958@gmail.com

**Suid Westelike Distrikte:** Arthur Muller, Condonstraat 37, Oudtshoorn, 6620 Sel: 072 821 9400

E-pos Amuller@capekarooint.com

**Wes-Transvaal:** Awie Esterhuizen, 2 Van Wyk Street, Freemanville, Klerksdorp, Sel: 084 682 0143,

E-Pos: pyp.esterhuizen@gmail.com

**KwaZulu-Natal:** Duane Schwarz, 33 McLean Street, Umkomaas, 4170, Sel: 084 207 1617,

E-Pos: duanesschwarz70.co.za



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Algemene inligting van die SASV | 2 |
| Voorwoord - Marleen Esterhuysen | 3 |
| Die Swiss? Mondaine - Jan Lombard | 4 |
| Nuwe Rasbeoordelaars na toetsing op SA's 2025 - Ds Hennie Hattingh | 5 |
| Kampioenskapskou 2025 - Willie van Zyl | 11 |
| Notule van Beoordelaarsforum 2025 - Ds Hennie Hattingh | 13 |
| Nasionale Presidents Verslag 2024/2025 - Chris de Bruin | 1 4 |
| 2025 SASV Kampioenskapskou - Dirk Scholtz | 17 |
| SA's 2025 My Ervaring - Ds Hennie Hattingh | 20 |
| Foto's Kampioenskap skou 2025 - Cora Munnik | 19&21 |
| Scoreboard and rules | 24 |


## Verjaarsdae / Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| B078- | Jan Grobbelaar | 02-Aug |
| H083- | Jan Kamfer | 02-Aug |
| B046- | Jan Lombard | 02-Aug |
| K007- | RenierLee | 06-Aug |
| W090- | Nadia van Aswegen | 06-Aug |
| D008- | Willem Janse van Vuuren | 08-Aug |
| A009- | Phillip Lee | 09-Aug |
| H009- | Koot Serfontein | 10-Aug |
| V061- | FrikkieMostert | 11-Aug |
| V009- | Rikus van der Vlies | 12-Aug |
| C033- | Dirk Scholtz | 13-Aug |
| V031- | Chris vd Walt | 13-Aug |
| C001- | Jan Labuschagné | 14-Aug |
| H042- | Ian Singleton | 16-Aug |
| K030- | Joseph Pienaar | 17-Aug |
| N019- | Graham Hartley | 19-Aug |
| B055- | Gerhard van Aswegen | 20-Aug |
| W065- | Harry Munnik | 21-Aug |
| D041- | Daleen Esterhuyzen | 22-Aug |
| W014- | Hennie Huyser | 22-Aug |
| D002- | Christo Munnik | 23-Aug |
| B025- | Naas Dreyer | 23-Aug |
| C024- | Liam Werth | 23-Aug |
| B085- | Sevannah de Bruin | 24-Aug |
| B057- | Joey Brits | 26-Aug |
| B034- | Ettiene Oosthuizen | 28-Aug |
| C011- | Jan Wilkens | 31-Aug |
| B068- | Willie J van Rensburg | 31-Aug |

## Nuwe Lede

Rob Poley rejoined B015
Jandre Nel J047
Oxolandi Nkomo B016
CJ Lombard K075
George Alexandria B019
Suzette Abink V070
Freddie Theron B110



## Voorwoord

Marleen Esterhuysen

Die stof van die laaste skou het skaars gaan lê, en wat 'n wonderlike seisoen was dit nie! Baie geluk aan elkeen wat deelgeneem het – of jy nou met 'n trofee huis toe is of nie, jy het steeds deel van iets besonders uitgemaak. Elke skou gee vir ons nuwe herinneringe, nuwe lesse en ja, soms ook 'n paar planne wat ons vinnig moet aanpas (want ons weet mos, 'n duif hou nie altyd by die plan nie!).

Nou skuif ons fokus na die volgende groot fase – die broeiseisoen. Dis die tyd van hoop, drome en strategie: watter pare gaan die sterre van volgende jaar oplewer? Wie gaan die eerste wees om daardie kosbare jong kuikens te bewonder? Hierdie tyd vra goeie voorbereiding: sorg dat jou hokke skoon en gesond is, voeding van topgehalte beskikbaar is en dat jou pare goed gekies word. Onthou, elke kampioen begin met 'n eier!


Onthou ook, ons is sterker saam. Deel jou ervaring, wenke en selfs jou foute met jou mede-telers – dit maak almal beter. Samewerking en kennisdeling is hoe ons as 'n gemeenskap groei en hoe ons seker maak dat ons stokperdjie nie net 'n kompetisie bly nie, maar 'n plek van vriendskap en ondersteuning. 'n Eenvoudige geselsie of nuttige raad kan iemand se seisoen maak!

En daar wag nog opwindende oomblikke op ons kalender vir die res van die jaar – die twee jongduifskoue! Dit gee ons kans om die vrugte van hierdie seisoen se harde werk en geduld te wys. Om die kleinspan wat moontlik in die hokke weggekruip hul kans in die kollig te gee. Hulle kan ons 'n voorsmakie gee van wat volgende jaar wag.

So, vat daardie koppie koffie, haal diep asem en begin broei met entoesiasme en hoop. Dis 'n nuwe geleentheid om die volgende kampioene te teel.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Die Swiss? Mondaine

Jan Lombard

Die doel van die vraagteken in my opskrif sal later duidelik word.

Tydens die afgelope kampioenskapskou was daar 'n paar Swiss Mondaines vertoon. Dit het my weer aan die wonder gesit oor die oorsprong van die ras. Ek was bevoorreg om die Switserse Sierduifvereniging ("Rassetauben Schweiz" = RS) se eeufees skou by te woon. Dit sou aanvanklik in Thun plaasgevind het in 2021, maar is a.g.v. die Covid-19 pandemie uitgestel tot 2022, waartydens dit toe in Interlaken aangebied was. Tydens die skou was al die plaaslike rasse in 'n magdom kleure tentoon gestel, naas al die ander internasionale rasse. In totaal is daar 26 rasse wat hulle oorsprong in Switserland het. Die RS het 'n gedenkuitgawe hardeband boek van 151 bladsye uitgegee tydens die geleentheid: "Vom Schwezerischen Taubenzucht-Verband zu Rassetauben Schweiz – 100 Jahre organisiert Rassetaubenzucht in de Schweiz". Behalwe vir die geskiedenis van die vereniging, van hulle ontstaan in 1922 af, verskyn al hulle rasstandaarde ook in die boek. Die Swiss Mondaine ras skitter egter in sy afwesigheid!

Dit bring ons by die vraagteken hierbo. Hoekom dan Swiss Mondaine? As 'n mens oor iets begin navors, moet jy sensitief wees vir die feit dat alles wat in bronne (boeke of internet) opgeteken is, nie noodwendig waar is nie. Ons lewe in die tyd van fopnuus en sosiale media waar leuens en AI ingespan word om opinies te vorm en te verander en verkiesings te wen! In die 19de en 20ste eeu het die afwesigheid van goeie tegnologie, aan die ander kant, dit weer moeilik gemaak om bv. bronne uit ander tale te vertaal. As 'n skrywer iewers 'n fout begaan het, word dit as feit aangehaal deur toekomstige skrywers wat nie hulle huiswerk doen nie, en bly die flater voorbestaan, en aanvaar lesers dit later as die waarheid, bloot omdat dit op 'n paar plekke opgeteken is. Wees dus baie versugtig vir wat jy (veral op die Internet) lees!

Wendell Levi, wie se boek "The Pigeon" deur baie beskou word as die "Duiwe Bybel", is myns insiens nie 'n baie gesaghebbende bron nie. Neem veral in ag dat sy boek alreeds in 1941 verskyn het. Hy was bloot die eerste outeur wat 'n boek oor baie rasse saamgestel (sic – saamgeflans) het vir die Amerikaanse mark in die Engelse taal.

Levi haal ene Eggleston as volg aan: "commenting on the breed, says there is no standard and that it comes in white and colored and that the name comes from the French word "mountain" , that the Swiss Mondaines do not come from Switzerland .." 'n Entjie verder haal Levi vir Hazard (1922 p. 183) aan: "… states simply that the White Swiss Mondaines are natives of Switzerland". Eggleston was reg, en Hazard verkeerd. Die woord "mountain" word ook GLAD NIE as "mondaine" vertaal in Frans nie. Die Franse woord vir "mountain" is "montagne" , die Duitse word is bloot "berg" en die Italiaanse woord "montagna". Hier moet 'n mens ook dalk die "silent n" uitspraak in Frans in gedagte hou. Die rede waarom ek die drie tale aanhaal, is omdat al drie in Switserland gepraat word. Dis 'n klein land wat aan die drie genoemde lande (en ook Oostenryk en Leichtenstein) grens. Die Franse woord "mondaine" word egter in Engels na "worldly" vertaal, wat in Afrikaans "wêrelds" of self "aards" beteken.

Soek 'n mens in 'n meer moderne boek na die Swiss Mondaine, vind jy dit in die 2004 boek getiteld "Pigeons of North America in the 21st Century" op bl. 47. Hier word verwys na die invoer (na die VSA) van 30 duiwe uit Switserland gedurende ongeveer 1899. Onder die die eerste invoere was daar nie-wit duiwe met kuiwe. Die raaisel verdiep, maar bring ook moontlik 'n antwoord. Die Italiaanse rasse Piacentini en Sottobanca kom in 'n verskeidenheid kleure voor, en het beide kappies of kuiwe. Italië deel 'n redelik lang grens met Switzerland, en baie Italiaanse rasse is gewild onder die Switserse duiweboere. Die kanse is dus baie goed dat een van, of beide, die genoemde Italiaanse rasse vanuit Switserland in die VSA beland het. Gedurende die "boom" periode van nutsduiwe ("utility pigeons") wat vir slagdoeleindes geteel

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

was, was daar 'n vermenging van baie rasse om kommersiële rasse te skep wat vinnig weer lê en kuikens lewer wat vinnig groei. "Squabbing" was 'n groot bedryf in die VSA, lank voor skoue gewild geword het. Levi skryf baie oor die slagduifbedryf en verwys veral na die Palmetto Pigeon Plant.

In Levi se 1965 boek: "Encyclopedia of Pigeon Breeds" verwys hy weer na die ras. Die keer noem hy dit egter die American White Swiss Mondain (bl 279) en sê hy dat dit in die VSA ontstaan het; ook dat Europese rasse wat gebruik is in die ontwikkeling, onbekend is, en raai hy dat dit van die Italiaanse Piacentini afstam. Dit is seker die naaste aan die waarheid wat ons oor die ras se ontstaan sal vind. Die res is letterlik en figuurlik "lost-in-translation". As ons dan vir Levi wil aanhaal oor die Swiss Mondaine, moet ons eerder na laasgenoemde boek verwys.

Miskien kan ek ook net hier meld dat die Diane Jacky tekening in die SASV standaardboek op die eerste bladsy van die Swiss Modaine standaard 'n VSA French Mondaine uitbeeld, en nie 'n Swiss Mondaine nie. Gelukkig is die illustrasies op die volgende bladsye van die standaardboek meer akkuraat.

Ter afsluiting wil ek noem dat die Amerikaners lief is om te speel met name en rasse te verander. Die Engelse Trompetter is 'n Amerikaanse ras wat daar ontwikkel is, nie in Engeland nie. Hulle French Mondaine, is 'n self-ontwikkelde ras, wat hemelsbreed verskil van wat ons (en die Franse) as 'n Gros Mondaine ken. Iets wat ek komies vind is dat die Amerikaners die Stargard Shaker 'n Zitterhal noem (Zitterhals is vir hulle die meervoud!!!). Kyk 'n mens na die oorsprong van die woord "zitterhals" verwys "zitter" na bewe (soos in: Ek sidder van vrees - in Afrikaans) en hals verwys na die Afrikaanse woord "nek" . Zitterhals kan dus vertaal word met "bewe-nek" of "shaking neck". Soms het rasse 'n "fancy" eksotiese naam gekry om dit te bemark – nie net in die VSA nie – ook elders. So kom Sjinese Uile nie uit China nie, maar eerder uit Spanje. Selfs die Duitsers noem dit foutiewelik Chinesetaube. Net so het die invoerder van die eerste swartvlerk-koper Gimpels dit in Engeland Arcangels genoem! Rusland was selfs genoem as die land van oorsprong! Ek sou nog lank kan aanhou skryf oor name, maar die onderwerp van hierdie kort artikel was die Swiss Mondaine! Ukuhamba kahle = mooi loop tot ek weer lus en tyd kry om iets te skryf!



## NUWE RASBEOORDELAARS NA TOETSING OP SA's 2025

Ds. Hennie Hattingh

Op SA's 2025 is daar lede in die volgende rasse as beoordelaars getoets en het geslaag. Baie geluk aan elkeen van hulle en baie dankie vir hul bereidwilligheid om as beoordelaars aan te meld. Die name van die lede en die rasse is ook aan die webmeester gestuur vir plasing op die web en streke word versoek om van hulle gebruik te maak.

**Frillback**
Ds Hennie Hattingh

**Cauchois**
Johan van Hengel

**Berlin S/F Tumbler**
Bertie Wessels

**Old German Owl**
Tommy Laubscher

**Gimpel**
Johan van Hengel

**Norwich Cropper**
Helene Roodt
Gerhard van Aswegen

**Modena**
Bertie Wessels
Johan van Hengel

**American Show Racer**
Charl Naudé

**Working Homer**
Bertie Wessels

**Fantail**
Charl Naudé

**Dragoon**
Helene Roodt ( Onder mentorskap vir 2025/2026 skouseisoen )

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



**THE MOOKEE**

**ARTICLE 2: Building My Mookee Stud**

Brian Rogers





Quote No. 1: Seen on Facebook - "Breeding is an Art, showing is a Game. Let's not lose the Art to the Game." Anon.

This is my second article in the Mookee series for "The Fancy Pigeon" journal. Once again, I write not as an expert, but out of passion for the Mookee, built over 60 years, however much interrupted . Again, you might well disagree with what I write, in which case I would love to hear from you as much as someone who thinks I may be right. You can contact me on WhatsApp: 0832817245 or Email: br.rollers@gmail.com.

**My Objective:** For many reasons my ability and desire to show a lot is limited. So, my objective is to build a Mookee Stud of high quality Mookees that breed enthusiasts can draw on to enhance their own breeding stock. Seemingly I have done that with my Birmingham Rollers and to be able to contribute like that to a breed is very satisfying.
One would think that now I would turn to the Mookee Standard and select my pairings accordingly. I won't be doing that.


**The Standard:** I am afraid I was shocked at the current state of the Mookee Standard. Everything from points that do not add up, to faults under the wrong features, disqualifications that can occur for features that are not described in the first place, options for judges to either disqualify a bird or deduct points… I have written comprehensively to the Mookee Club and the Judges Committee and it's in their hands now. (You are welcome to get a copy of the Motivation I wrote, from me if you wish).

Yes, there is still some usable information in the Mookee Standard, but for the rest I am going to make up my own rules.

**Back to Basics**

Over the last four years I have built a Birmingham Roller stud, now numbering only 10 core breeding pairs. I am very proud of the fact that none of my foundation birds actually came from renowned lofts, but now three top roller men have sought birds from me to supplement their excellent stock. I would like to do the same thing with my Mookees.

Apart from the fact, I feel, under Christo Munnik's club stewardship, I can have interesting, open ended conversations about Birmingham Rollers with very experienced club members, free from egos and fan club mentality, (I think it's a Roller breeders' culture worldwide); the one thing that I realise that changed my whole breeding path, is the visual below. I believe it was the late Corrie Oosthuizen, who in about 2020, added two lines to the Standard drawing (done by his son Nando, I believe). Perhaps because I am a very visual person it resonated so much with me. Very simple, very meaningful. Every time I look at my Rollers, I evaluate them like this – plus the tail width.



So, I have designed a graphic or two for Mookees which will now guide my breeding programme. I am happy to put myself on the line and share all with you. Whilst I have a load of thoughts on breeding the finer elements of the Mookee (peak, head markings, white flights, weight, etc,) I am going to limit this analysis to the following:

1. **The Wedge ratio of:** Length, Breadth,Tapering
2. **The Profile ratio of:** Length, Height, Posture
3. **Character**

**1. The Wedge ratio of:** Length, Breadth, Tapering

Quote No. 2: “Attention should also be paid to the correct ratio between chest width, neck length, and body length.” German VDT (Association of German Fancy Pigeon Breeders) website, under Mookee Club: A Brief Introduction.

I am 100% behind the concept of a Mookee as a wedge-shaped bird. But the South African Mookee Standard falls well short of describing this properly. Let’s unpack the principle of “correct ratio” as far as the Wedge is concerned. This involves three things for me, Length, Breadth and correct Tapering.

**Length**

Would you accept a 25% tolerance in a key feature for the other breeds you have in your loft? The Mookee Standard states that a 20cm long bird is preferred and you can go up to 25cm. It makes no mention of a downward (shorter) tolerance which makes it even stranger.

I cannot recall seeing a 25cm long Mookee, but I am sure they must exist. I have a couple that reach 23cm but they are slight, rather thin birds.

Consider the photo evidence of two hen birds from my own loft, below:





Figure1. The Khaki Bar on the right is 20cm from front of chest to tip of tail, which I think is an upper limit for a hen.

The bird on the left carries Indigo so I am using her for my colour project. She is about 23cm. Immediately she just looks too long, despite being acceptable to the current Standard.





Figure 2. Keeping the body of the bird on the right exactly the same, I graphically elongated her to 25cm. Although also technically within the Standard, I find the elongated bird very awkward looking. Actually, ridiculous.
So, after examining all my stock, my target length will be: Cocks - 19-21cm (ideal 20cm) and Hens - 18-20cm (ideal 19cm).

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## How Wide is Wide?

The fact that a Mookee, even though it was wedge shaped, could be disqualified for being too narrow based simply on some arbitrary call by a judge, without any specification to go by, bugged me. So, I tried to study what I really wanted to breed. Despite the Standard being so specific on length there was nothing to be found on breadth/width. I made enquiries of the current Mookee establishment and could not get an answer. I don't think anyone was actually measuring to be frank.

After careful study of birds now in my loft, I think cocks should be 8-10cm wide (9cm ideal) and hens 7-9cm (8cm ideal). Do yourself a favour and look at Philip Lee's Black cocks in the show pen. His show stock is probably dead on 9cm every time.


These cock birds below are from my own loft and I hope demonstrate the size differences. I don't think it's hard to imagine a 7cm cock as too narrow or an 11cm cock as too wide.




## The Tail

J.C. Lyell in his 1881 works 'The Fancy Pigeon', identified the 12 tail feathers as a genetic marker of the breed. In modern times, this has held critical importance, none-the-less so than debunking the sometimes misinformed view, that the Mookee is a cross breed. 12 tail feathers determines that a Mookee-in-looks is actually a Mookee-in-kind and not a cross breed.

However, to breed the 12 feather- mould into the breadth of just one and a half feathers is a tough assignment for anyone developing a Mookee stud. In my opinion, it is a struggle well worth pursuing. I think it looks beautiful and the practical purpose of fulfilling the wedge is a great result. In this case the Mookee Standard has it right. The thin tail fulfils the desired wedge.




And here, therefore, we have three pretty decent (if imperfect) wedges and I am happy to stock all three cocks on their Wedge criteria.


**2. The Profile ratio of:** Length, Height, Posture

I have to admit that the absence of clear guidelines in the Mookee Standard, and some mental gymnas-



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873


tics going on in Mookee social media, had me confused as to the Profile I wanted to pursue. So earlier this year I sat down and really studied the painting I had done for Philip Lee. Philip wanted an "ideal" Mookee and not just a painting of his national champ. We used three different Mookees to guide us to the end result. In the process I fell in love with all three of these birds. I wanted to breed Mookees like them. So, what were their common distinguishing features?




I came to a very firm conclusion. His champion (No.3) and on which the basic form was the foundation for the painting, was equally distant from tip of tail to front of breast as it was from head to knee – forming a square. So was the painting. All 3 of them positioned the eye just in front of the legs. All 3 of them stood at 45 degrees. So too the painting. So, having cracked it in my little brain I now had my target, my Profile goal.

Now neither the eye position or the ratio of height to length are mentioned in the Mookee Standard, and the 45 degree angle is a throw-away line with no points awarded (or deducted). Yet these three things will be my guiding principles – attributable to the wonderful Blacks bred by Philip and the opportunity to paint 'them.' I must stress that at the time, none of these conversations took place between Philip and I, but I did learn it all from him – later, when I applied my mind.

To prove my theory to myself, I had to look at what was wrong with certain Mookees, and what might be the solution in certain cases. I will share an example of each with you.




On the left is my Khaki Bar. She looks beautiful as a stand-alone and many people have passed favourable comments about this photo. Sadly, as you can see, she does not meet the Profile goal criteria I have now set. If I am going to use her, I am going to have to think long and hard about her mate. On the right is a Blue Bar that has been drawing gasps of admiration on social media. To be honest, this bird would not make the cut in my stock loft. Far too many deviations from what I believe is the ideal. You can work it out for yourselves, but in simple terms, anatomically (structurally) these two Mookees (the Khaki and

The south africa Modena Club

President: Johan Nel
Email: johan_nel@bat.com
Sel: 082 474 4088

Sekretaris: Dawie vd Heever
E-mail: dawievdh@telkomsa.net
Sel: 079 918 0433






Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

the Blue) are completely different to my selected ideal. (I came up with a name for Mookees like this by the way. 'Glamour-Mookees. Nice from far; far from nice.')




Tommy Laubscher made a passing remark to me that his Grizzles were too squat and chunky and he had to get them more upright. So, I had a look through the lens of my graphic and did a bit of Photo Shop work. (My skills are limited and try as I might I could not get that nice nip-and-tuck of the neck into the back - which gives the desired 'S' shape -, so please ignore that fault in my reconstruction.) The body on the right is exactly the same, right through from tail to breast as the original photo on the left. The only thing that changed is a more upright neck. My advice to Tommy? Leave the body alone. Just work on the neck.

**3. Character:** If you cannot grasp the joy of Mookees expressed in the following two quotes, please move on. Breed, Show and Judge other varieties of more simple pigeon flesh-and-feathers.

Quote No. 3: "The best way to describe the Mookee is as sprightly, bold and jaunty… It walks on its toes which adds to its sparky posture. Mookee pigeons have very good and gentle temperaments and get on very well in numbers as well as with other pigeon breeds… They are intelligent and inquisitive …." Mookee Pigeon – Breed Guide, Denise Bereford; Pigeon Pedia; March 24, 2022.

Quote number 4: "The curious thing about the Mookee is the tremulous shaking of the neck, which is never absent and is most constant when the bird is salacious [sexy, flirting]. It is singular to see the cock driving the hen to the nest; his head and neck shake continually backward and forward, but he never loses his balance." James Lyall, Fancy Pigeons, 1881

Dare I say it, Mookees that are not spritely, bold, jaunty, on their toes, with trembling necks - whilst always presenting themselves in total balance - do not belong in the show ring. Not all do.
So, goal number 3: Breed a stud that consistently shows those character traits.

**In Closing**
There is a lot more to breeding Mookees of course, however in the absence of a Mookee Standard that is helpful, my mind is now settled on the core basics I want to develop in my Mookee stud over the next few years.

1. The correct Wedge details.
2. The synergy needed in the Profile.

Birmingham & SA Distance Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Huidiglik vakant

Augustus 2024



3. The true and unique Mookee Character.
The rest I see as detail to be entrenched, enhanced or added as and when.

Can I achieve my goals? I can only give it my best shot in whatever time God and the Universe keeps me around. But I hope that in a few years' time, I can consistently help fellow Mookee lovers with stock that meets my ideals at least – in a wide variety of colours, which is the subject of my third and final article.

I would like to end off with an Afrikaans quote, sent to me and attributed to a Mookee breeder, who I have not sort to identify, as it's his/her sentiment that appeals, not his/her identity. I dedicate this article to you, whoever you are:

"…omdat ek so sagte plekkie het vir die Ras wil ek graag sien laat meer telers goed kan doen kan net goed wees vir die toekoms kyk uit vir almal se duiwe." (Sic). Anon. (Basic English translation: 'Because I have such a soft spot for the breed, I would like to see more breeders do well. It can only be good for everyone's pigeons.')

I hope my article has given food for thought to this breeder and a few others.

A big thanks to the Roller boys and to Philip Lee for getting me this far – in theory anyway.



## KAMPIOENSKAPSKOU 2025

Willie van Zyl

So kom en gaan die skoue.

Wat 'n aangename ontspanne skou was dit nie.

Baie lede het gekla en verskonings gemaak die een oor dit die ander oor dat. Die van ons wat daar was, glo ek, het dit almal baie geniet. 'n Skou van eerstes.

Nommer een; ons kry ons eerste tien duiwe se inskrywingsgeld terug.

Nommer twee; die Doderdagaand se etegeld word teruggegee.

Nommer drie; die afsluitingsfunksie se geld word teruggegee.

Baie dankie aan al die borge. Dit wil gedoen wees.

Ek het verneem daar is 'n aansoek ontvang vir 2026 se SA's. Wil net sê julle sal moet uithaal en wys en nie voorwaardes stel nie.

Weer baie dankie aan At en sy Gideonsbende, mans en vroue, julle het wondere verrig. Ja daar was goed waarop verbeter kon word maar dit is by alle skoue.

'n Ander gedagte waarmee ek loop is. Vir die SA's moet ons nie getalle jaag nie maar gehalte. 'n Duif moet as't ware kwalifiseer om daar te wees. My gedagte is die eerste twee plekke in 'n kleurklas op 'n streekskou moet vertoon word. As 'n vertoner dan 'n klomp duiwe in 'n kleurklas wil inskryf skou op meer streekskoue met verskillende duiwe.

Groete van hok tot hok, nou is dit weer teel vir volgende jaar.

Uil & StrikduifKlub
Spesialiteitsklub vir:
Afrika Uile, Chinese Uile, Italiaanse Uile, Ou Duitse Meeu en Oriental Frill (Blondinette en Satinette)

President : Shaun Smeda - 072 190 0345
Sekretaris: Leendert Snyman - 083 286 8496
leendert270@gmail.com
August 2024
Uil & Strikduif Klub
SASV

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420




National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



***NOTULE VAN BEOORDELAARSFORUM VERGADERING. NELSPRUIT***

Ds. Hennie Hattingh

**SUID-AFRIKAANSE SIERDUIF-VERENIGING VERGADERING: BEOORDELAARSFORUM SOOS GEHOU OP 12 JULIE 2025 OM 07.30 TE NELSPRUIT.**

NOTULE

**1. Opening en Verwelkoming**
Ds Hennie Hattingh open die vergadering met gebed waarna die voorsitter almal
teenwoordig hartlik welkom heet.

**2. Presensie en Verskonings**
Die presensielys sirkuleer vir ondertekening.
Verskonings word aangebied vir : Jas van Niekerk, Pieter Neethling, Chris van der Walt, Leendert Snyman ( Snr ), Awie Esterhuizen, Marleen Esterhuizen, Shaun Smeda, Karel-Jan Smeda, Harry Munnik, Pierre le Roux, ds Renier Lee.

**3. Notule van vorige vergadering soos gehou op 29 Junie 2024 te Bloemfontein**
Goedgekeur.
Voorstel : Chris de Bruin
Sekondant : Gerhard van Aswegen

**4. Sake uit die Notule**
4.1 Standaarde wat verander is op webblad
Afgehandel, behalwe die Modena-standaard wat steeds in proses van herbeskrywing is.
4.2 Senior beoordelaars as mentor vir lede om getoets te word.
Hierdie proses is tans aan die gang en vorder goed. Heelwat lede is alreeds getoets nadat bepaalde rasse deur Senior Beoordelaars aan hulle toegewys is.
4.3 Getalle van 'n ras op sertifikaat .
Noord-Vrystaat plaas die getal duiwe op hul skoue vertoon op die sertifikate spesifiek rakende die top-7 toekennigs ter wille van aansoeke vir Nasionale Kleure. Noord-Vrystaat sal 'n voorbeeld daarvan aan die verskillende streke stuur. Streke word aangemoedig om hierdie voorbeeld na te volg.

**5. Verslae vanaf Streke**

**Noord van die Vaal**
Chris de Bruin hou die skriftelike verslag soos geskryf deur Shaun Smeda voor. Die streek het 'n suksesvolle streekskou aangebied. Dit gaan goed met die streek.

**Noord-Kaap**
Seppie Esterhuysen lewer verslag. Ten spyte van uitdagings soos lang afstande, het Noord-Kaap vanjaar die grootste streekskou ooit aangebied. Die lede is entoesiasties en die streek het 'n veiling aangebied om hul fondse aan te vul.

**Noord-Vrystaat**
'n Jongduifskou sowel as 'n streekskou is deur die streek aangebied waarmee dit baie goed gegaan het. Die lede van die streek het vanjaar die streekskoue van die ander streke baie goed ondersteun.

**Wes-Transvaal**
'n Squiker-skou sowel as streekskou is aangebied wat beide baie goed ondersteun is. Wes-Transvaal bied spesiale pryse aan soos Goue Donsie vir Juniors en Vrouetrofee om lede aan te moedig om by hulle te skou.

**Oos-Transvaal**
Oos-Transvaal bied vanjaar die SA's aan, en daarom geen streekskou nie. Ten spyte van hindernisse, het Oos-Transvaal voortgegaan met reëlings vir die SA's wat uitgeloop het op 'n baie suksesvolle skou.

**KwaZulu-Natal**
Geen verslag nie.

**Vrystaat**
Geen verslag nie.

**S.W.D.**
Geen verslag nie.

**Oostelike Provinsie**
Geen verslag nie.

**Wes-Kaap**
Geen verslag nie.

**6. Sake vanaf UK**
Die volgende word bespreek:
6.1 Die gedagte van om 'n "bont" Brunner in die standaard te beskryf sal deur Christo Munnik ondersoek word. Indien iemand oor foto's van 'n "Bont" Brunner beskik, moet dit aan hom gestuur word.
6.2 Die sogenaamde "kleurprojek" by die SA Botternekke geïnisieer deur Louis van der Walt is nie aanvaarbaar vir die standaard nie.

**7. Sake vanaf Senior Beoordelaars**
7.1 Rodney Stevens
Dit word van Rodney verwag om aan die vereistes van bepalings 13.2.4.1 en 13.2.4.2 in die jongs gepubliseerde handleiding van die Beoordelaarsforum te voldoen waarna hy weer as Senior Beoordelaar kan optree.
In aansluiting hierby dien 'n brief ontvang vanaf Seppie Esterhuysen. Die vergadering besluit op die volgende prosedure rakende Rodney Stevens :
***"In 2026 moet Rodney Stevens by minstens 3 skoue optree as rasbeoordelaar waarna hy dan weer herevalueer sal word."***

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

7.2 Lou Brits
Lou Brits bly steeds op die onaktiewe lys van senior beoordelaars.
Punte 7.1 – 7.2 in geheel goedgekeur.
7.3 Hoofbeoordelaar SA's 2026
Wikus van Niekerk sal die hoofbeoordelaar wees met Pieter Neethling die alternatief. Indien SA's 2026 in die suidelike deel van die land gehou word sal Pieter Neethling die hoofbeoordelaar wees.

**8. Sake vanaf AJV**
Geen verdere sake nie

**9. Korrespondensie**
Reeds hanteer onder 7.1 hierbo

**10. Nuwe Sake**
10.1 Beoordeling van familielede se duiwe
Die reëling word gehandhaaf mits die beoordelaar en/of familielede die enigste vertoner is.

**11. Verkiesing van Bestuur**
11.1 Voorsitter – Nasionale Beoordelaarsbeampte – Termyn verstryk 2025
Die huidige nasionale beoordelaarsbeampte, Christo Munnik, bevestig skriftelike sy gewilligheid om vir nog 'n termyn as Nasionale Beoordelaarsbeampte te dien.
Besluit: Die vergadering besluit eenparig om dit so aan te beveel by die Uitvoerende Komitee vir bekragtiging.
11.2 Vise-Voorsitter – Chris van der Walt – Termyn verstryk 2026
Kennis geneem
11.3 Sekretaris – Hennie Hattingh – Termyn verstryk 2027
Kennis geneem.

**12. Afsluiting**
Die vergadering verdaag.



## NASIONALE PRESIDENTS VERSLAG SASV: 2024/2025

**Chris de Bruin**
**Uittredende Nasionale President**

My negende en laaste jaar as Nasionale President is verstreke en daar was heelwat veranderings en aanpassings in die SASV oor die afgelope nege jaar gewees. So was daar ook baie hoogtepunte en ongelukkig ook 'n paar laagtepunte gewees. Van die hoogtepunte in my termyn as Nasionale President is:

◘ Ek kon by al die Streekskoue regoor die land uitkom, behalwe SWD. Seker omdat George Bell meer Streekskoue afgestel het as wat ek SA's afgestel het. Ek kon darem by hulle uitgekom het toe ek Nasionale Tesourier was.
◘ Was betrokke by altwee die sentrale SA Kampioenskapskoue wat in Bloemfontein aangebied was, waarvan die Uitvoerende Komitee (UK) die een SA's aangebied het en Noord van die Vaal die ander SA's.
◘ Sierduif word elektronies uitgegee. Dit het ook tot gevolg gehad dat ons ledegeld drasties verlaag kon word.
◘ Die SASV se 75 Jaar Gedenkuitgawe is uitgegee.
◘ Stigting van 'n Junior Forum, om junior lede se sake te hanteer en hul insette oor junior sake aan die UK deur te gee.
◘ Opdatering en bywerking van die SASV Grondwet en Reëls.
◘ Gehelp met die opdatering en bywerking van die SASV se Beoordelaarsforum Handleiding.
◘ Ek het op uitnodiging by 'n NFPA Skou in Walkerville gaan beoordeel om bande tussen hulle en ons te probeer versterk en te wys dat ons wel kan saamwerk.

Een van die laagte punte was die drie (3) SA Kampioenskapskoue wat afgestel moes word, twee (2) as gevolg van Covid-19 (2020 & 2021) en een (1) as gevolg van die uitbreek van Newcastle siekte (2017).

So kom 'n tydperk van 25 jaar (16 jaar as Nasionale Tesourier en 9 jaar as Nasionale President) op die UK in 'n uitvoerende posisie hierdie jaar tot 'n einde. Dit is vir my 'n groot eer en voorreg om die Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging en ons lede in hierdie posisies te kon gedien het en ek wil die lede bedank vir die ondersteuning wat ek van hulle ontvang het.

Ons het gedurende die afgelope jaar ook verskeie lede, oudlede en familie van lede aan die dood afgestaan. Ons gebede was by almal en ons dink aan hul geliefdes wat agtergebly het. Daar is ook baie lede wat siek is en ons hou hulle ook nog in ons gebede en bid vir 'n spoedige herstel.

Ons ledetal aan die einde van Desember 2024 was 213 wat 34 meer was as 2023 se 179 lede. Dit is 'n positiewe groei in ledetal van +19% teenoor verlede jaar se negatiewe groei van -9%. Op die 5de Junie 2025 was ons ledetal reeds 208, maar dit is egter nog baie laag en die UK is deurlopend besig om na maniere en reklame te kyk om meer lede vir die SASV te werf. Die Streek wat persentasie gewys die meeste groei getoon het is Suid-Westelike Dis-

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

trik met 129% wat nege (9) lede verteenwoordig, gevolg deur Wes-Transvaal met 118% wat dertien (13) lede verteenwoordig. Al die ander Streke het ook 'n positiewe groei in hul lede getalle gehad, behalwe KwaZulu Natal, Oostelike Streek en Wes-Kaap wat 'n daling in lede getalle getoon het. Ons moet die manne en vroue wat 'n positiewe groei in lede getalle bewerkstellig het gelukwens met wat hulle reggekry het. Die lede van SWD verdien spesiale vermelding aangesien die ledetal daar oor die afgelope jare baie laag was.

| Streek | Des. 2023 | Des. 2024 | 5 Junie 2025 | Toename / Afname | % Groei |
|---|---|---|---|---|---|
| KwaZulu Natal | 11 | 10 | 10 | -1 | -9% |
| Noord-Kaap | 18 | 22 | 20 | +4 | +22% |
| Noord-vd-Vaal | 43 | 50 | 50 | +7 | +16% |
| Noord-Vrystaat | 22 | 30 | 33 | +8 | +36% |
| Oostelike Prov | 16 | 17 | 20 | +1 | +6% |
| Oostelike Streek | 13 | 12 | 8 | -1 | -8% |
| SWD | 7 | 16 | 16 | +9 | +129% |
| Vrystaat | 13 | 14 | 13 | +1 | +8% |
| Wes-Kaap | 25 | 18 | 17 | -7 | -28% |
| Wes-Transvaal | 11 | 24 | 21 | +13 | +118% |
| Totaal | 179 | 213 | 208 | +34 | +19% |

Daar was die vorige twee jaar 'n sentrale SA Kampioenskapskou in Bloemfontein aangebied en dit het baie goed gewerk. Ek is steeds van mening dat dit die beste manier is om ons stokperdjie bekostigbaar vir die meeste lede te maak en maksimum bywoning te verseker. Dit is net baie hartseer dat die lede wat die afgelope twee jaar bereid was om 'n week ekstra verlof en tyd saam hul families op te offer om 'n sentrale SA Kampioenskapskou in Bloemfontein vir ons aan te bied, nou daarvan beskuldig word dat hulle nie bereid was om dit weer te doen nie en dat dit voorgehou word as rede hoekom die jaar se SA Kampioenskapskou nou in Nelspruit aangebied moet word. **Ek wil dit omonwonde stel dat dit totale snert is.**

Die uitbreek van siektes in sommige lede se hokke het hierdie teelseisoen ook baie vrektes tot gevolg gehad en het ook veroorsaak dat baie lede hierdie jaar minder of geen skoue bygewoon het nie. Ons lede sal beslis moet begin om hul duiwe te ent vir Paramyxovirus en Newcastle Siekte en ons as Organisasie sal dit moet begin oorweeg om dit, soos SANPO reeds doen, verpligtend te maak vir ons lede voor hulle, hul duiwe kan skou. Anders gaan ons nooit die probleem dat duiwe virusse op skoue optel en vrek gestop kry nie.

Ek het gedurende hierdie jaar se skouseisoen drie Streekskoue, te wete Noord- Kaap -, Noord-Vrystaat - en Noord van die Vaal Streekskoue en twee Jong Duifskoue, te wete Noord-Vrystaat – en Wes-Transvaal se Jong Duifskoue bygewoon. Ek is van mening dat die toekoms vir Streek – en Jongduifskoue daarin lê dat ons lede meer van saamry geleenthede gebruik moet maak om Skoue by te woon en dat ons ook jaarliks sekere Skoue moet teiken vir bywoning. Noord-Kaap het hierdie jaar en KwaZulu Natal verlede jaar, gewys dat dit kan werk.

Oor die algemeen was ons Streekskoue hierdie jaar groter as vorige jare en is daar 813 duiwe meer geskou as in 2024 ten spyte van die feit dat Oostelike Provinsie se Streekskou gekanselleer is en Oostelike Streek, as gasheerstreek vir die SA's nie 'n Streekskou aangebied het nie. *Tong in die kies het albei die "Oostelike" Streke nie Streekskoue gehad nie.*

In 2024 was daar 4 993 duiwe geskou en gedurende 2025 was daar 5 806 duiwe geskou (813 meer) ingesluit die huidige SA's in Nelspruit. Daar is dus hierdie jaar `n toename in die aantal duiwe wat geskou was in vergelyking met 2024. Die waarneming was dat lede Streekskoue meer ondersteun het hierdie jaar, vermoedelik as gevolg van minder lede wat die SA Kampioenskapskou in Nelspruit kan of wil bywoon. Die huidige SA's in Nelspruit het minder duiwe as verlede jaar se aantal duiwe (924 teenoor 1 155), dit wil sê 231 minder en die getal vertoners het ook verminder van 65 na 43. **Ek dink dit is 'n aanduiding vir ons dat die sentrale SA Kampioenskapskou die pad is wat ons in die toekoms moet oorweeg.** Ek dink onder die huidige ekonomiese omstandighede waarin ons tans verkeer is die skou statistieke vir 2025 nie sleg nie. Ons beleef moeilike tye waar alles net ongelooflik duur geword het en 'n gejaag is. Die lede wat nie gaan aanpas nie gaan agter bly. Kom ons praat met mekaar oor hoe ons gaan verseker dat ons stokperdjie lewendig gaan bly en hoe ons as 'n duiwe-familie dit saam kan geniet.

Gedurende 2025 is daar 95 verskillende rasse geskou teenoor 2024 waar daar 88 verskillende rasse geskou was. Van die 165 rasse op ons stelsel, is daar in 2025, 70 rasse waarin geen duiwe geskou was nie teenoor 2024 se 76 rasse waarin geen duiwe geskou was nie. Ek wonder in hoeveel van hierdie rasse is daar nog duiwe in Suid Afrika beskikbaar? In 2025 is daar 31 rasse waarin daar `n totaal van minder as 10 duiwe geskou was teenoor die 22 rasse in 2024.

**Di**e Top Tien Rasse geskou vir 2025 is as volg:
1. Mookees - 452 (Verlede jaar ook 1ste met 420)
2. Sjinese Uile - 354 (Verlede jaar gesamentlik 3de met 289)

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

3. Waaiersterte - 352 (Verlede jaar 2de met 368)
4. Birmingham Rollers - 319 (Verlede jaar 5de met 217)
5. American Show Racers - 304 (Verlede jaar gesamentlik 3de met 289)
6. Schietti Modenas - 296 (Verlede jaar 4de met 253)
7. Working Homers - 239 (Verlede jaar 6de met 215)
8. Brunners - 205 (Verlede jaar 7de met 168)
9. Portuguese Tumblers - 158 (Verlede jaar 8ste met 163)
10. Indian Fantails - 147 (Nuut in top tien, verlede jaar 15de met 91)

Geluk aan die lede wat met die top tien rasse teel en wat tot die prestasie bygedra het. Die Mookees, Sjinese Uile, Birmingham Rollers, American Show Racers, Schietti Modenas, Working Homers, Brunners en Indian Fantails het almal `n groei in getalle getoon, met meer duiwe wat in 2025 vertoon is. Die Birmingham Rollers het die grootste groei getoon met 102 meer duiwe wat vertoon was. Die Indian Fantails het opgeskuif in die top tien rasse in en die Old German Owls en die German Beauty Homers het uitgeval.

Die SASV het `n groot tekort aan Beoordelaars en ek wil ’n beroep op ons lede doen om hulself as Beoordelaars te bekwaam. Dankie vir die lede wat deur die jaar op verskillende Skoue vir Beoordelaars getoets het. Dit sal die druk op ons huidige Beoordelaars baie verlig. Sosiale media het dit moontlik gemaak vir ons lede om vinniger skou-uitslae en foto’s te versprei en dan is daar ongelukkig ook lede wat negatiewe kommentaar op die foto’s lewer. Ons moet onthou dat foto’s net ’n oomblik vasvang en nie werklik die kwaliteit en kondisie van die spesifieke duif wys nie. Daar is ’n groot verskil tussen, om ’n duif in die hand te beoordeel of op ’n foto te sien en ons moet dit besef en ingedagte hou voor ons kommentaar op foto’s lewer.

Die Waaierstert, Indiese Fantail, Mookee, Tuimelaars, American Show Racer en Uil en Strikduif telers het aktiewe WhatsApp-groepe wat hulle bedryf en hul rasse word werklik daardeur bevorder. Die SASV moet ook begin kyk hoe ons sosiale media tot ons voordeel en bevordering van ons doelwitte kan gebruik. Hier wil ek vir Johan van Eeden en Rodney Stevens gelukwens en bedank met die SA Fancy Pigeon WhatsApp groep wat hulle privaat bedryf. Dit doen baie goed vir ons stokperdjie en ons het al verskeie lede deur die groep gewerf. Ons het ook vyf (5) nuwe lede gewerf met die Aviomed Online Show, waarvan Thomas Muleyo ongelukkig intussen oorlede is.

Hierdie was ook weereens ’n onstuimige jaar wat baie onderstrominge in die SASV blootgelê het. Ek wil ’n ernstige beroep op ons lede doen dat ons meer verdraagsaam teenoor mekaar sal wees en net by die reëls sal hou. Dit is elke lid se eie verantwoordelikheid om op hoogte te wees van wat die SASV se reëls behels en wat toelaatbaar is. Daar het ook hierdie jaar ’n ongelukkige insident tussen myself en ’n ander lid plaasgeving oor die feit dat die SA Kampioenskapskou hierdie jaar in Nelspruit aangebied word en nie weer in Bloemfontein nie, wat ek liewer sal wil vergeet.

Dit is onmoontlik om altyd alle lede tevrede te stel met besluite wat geneem word maar dit word nie net sommer geneem nie en ook nie sonder ’n goeie rede nie. Ek vra almal om terug te gaan na die tyd van lekker saamwerk, lekker kuier en lekker skou. Dit gaan nie net altyd oor die wen nie, maar dit moet ook gaan oor die groei in die stokperdjie en groei met die spesifieke ras waarmee daar geteel word en natuurlik ou en nuwe vriende. Almal moet somtyds verloor om op die ou einde te kan wen. Respekteer die Beoordelaar se besluit en berus daarby. Gun jou mede duiwe vriende ook ’n wen.
Daar is ’n ons (lede) en hulle (UK & Bestuur) kultuur in die SASV, in plaas van net ’n ons almal as lede. Dit is iets waaraan ek baie gewerk het en probeer uitroei het en ek hoop ek het op ’n manier daarin geslaag. Ek wil ’n ernstige beroep op ons lede doen dat ons meer verdraagsaam teenoor mekaar moet wees sodat ons van die SASV ’n nog groter en meer standvastiger Vereniging kan maak, wat sal voortbestaan vir dié wat na ons gaan kom.

Ons moet nie ander Duiwe Klubs en Organisasies as ’n bedreiging sien nie. As persone eerder by hulle as by ons wil aansluit beteken dit dalk daar is iets wat hulle beter as ons doen of die persone kry iets daar wat hulle nie by ons kry nie. Ons moet dit liewer sien en gebruik as motivering om ’n beter en ’n meer professionele diens aan ons lede te lewer en om die stokperdjie weer lekker te maak sodat almal dit kan geniet.

Laat ons al die onaangename dinge agter ons sit en met nuwe positiwiteit die leisels vat en 2026 ’n beter jaar maak. Mag die nuwe jaar vir almal net mooi en opwindende dinge inhou. Onthou jou familie, vriende en duiwe is kosbaar.

Hiermee sluit ek af, deur vir Dirk geluk te sê met sy oorname by my as Nasionale President en ek wens hom alle sterkte en voorspoed toe vir die pad vorentoe. Ek vra ook dat die lede hom dieselfde ondersteuning sal gee as wat hulle my gegee het.

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## 2025 - SASV Kampioenskapsk-ou Nelspruit

Dirk Scholtz

Statistieke SASV Kampioenskapskou 2025 gehou in Nelspruit

Daar was 924 inskrywings en is as volg saamgestel:

| Streek: | Vertoners: | Inskrywings: |
|---|---|---|
| Noord Kaap | 6 | 61 |
| Noord van die Vaal | 17 | 275 |
| Noord Vrystaat | 7 | 184 |
| Oostelike Privinsie | 1 | 21 |
| Oostelike Streek | 6 | 269 |
| Wes Kaap | 2 | 50 |
| Wes Tranvaal | 4 | 64 |
| | 43 | 924 |

**Uitslae van die rasbeoordeling**

Raswenner word met ** aangedui

| Ras (aantal inskrywings) | Beste ou duif | Beste jong duif | Beoordelaar |
|---|---|---|---|
| Brunner Pouter (20) | Gerhard van Aswegen | Gerhard van Aswegen** | Christo Munnik |
| Norwich Cropper (9) | Ettiene Oosthuizen** | Ettiene Oosthuizen | Hennie Hattingh |
| Dutch Cropper (26) | Jan Labuschagne | Jan Labuschagne** | Nollie Oosthuizen |
| King (12) | Chris de Bruin | Chris de Bruin** | Jan Labuschagne |
| Gros Mondain (9) | Helene Roodt | Mari Wessels** | Jan Labuschagne |
| Runt (13) | Helene Roodt | Seppie Esterhuysen** | Christo Munnik |
| American Gaint Runt (5) | At van Jaarsveld** | - | Bertie Wessels |
| Mookee (59) | Hennie Hattingh** | Ruben Kitching | Phillip Lee |
| Carrier (14) | Hennie Hattingh | Hennie Hattingh** | Bertie Wessels |
| Dragoon (19) | Wesmar Boerdery | DMR Lofts** | Christo Munnik |
| Barb (9) | Len Truter** | Dirk Scholtz | Hennie Hattingh |
| African Toy (17) | AHA Toys | AHA Toys** | Chris de Bruin |
| English Trumpeter (21) | Dries Cilliers** | Dries Cilliers | Wikus van Niekerk |
| Fantail (27) | Len Truter | Nico vd Westhuizen** | Coenie Naude |
| Modena Gazzi Marked (11) | Seppie Esterhuizen** | Seppie Esterhuysen | Jay-Dee Conradie |
| Modena Schietti Marked (25) | Heinrich Moldenhauer | Seppie Esterhuysen** | Wikus van Niekerk |
| Eng Saddleback & Badge Muffed Tumbler (3) | ------------------- | Charl Naude** | Wikus van Niekerk |
| Nun (3) | -------------------- | Wikus van Niekerk** | Jan Lombard |
| SA Botternek Tuimelaar (27) | Van Zyl Boerdery | Van Zyl Boerdery** | Nollie Oosthuizen |
| Eng L/F Tumbler - Cleanlegged (13) | Wesmar Boerdery | Wesmar Boerdery** | Christo Munnik |
| Eng L/F Tumbler - Muffed (12) | Charl Naude | Charl Naude** | Bertie Wessels |
| Eng S/Faced Tumbler (15) | At van Jaarsveld** | At van Jaarsveld | Wikus van Niekerk |
| Tumbler Helmet Med Faced (Crested) (2) | Andre Bruwer** | Andre Bruwer | Jan Lombard |
| Vienna L/FTumbler - Cleanlegged (4) | Andre Bruwer** | Andre Bruwer | Bertie Wessels |
| Berlin S/Faced Tumbler (10) | At van Jaarsveld** | At van Jaarsveld | Wikus van Niekerk |
| Krasnodarer Tumbler (5) | Flip Koekemoer** | Flip Koekemoer | Wikus van Niekerk |
| Portuguese Tumbler (17) | Cora Munnik | Lihan Geldenhuys** | Chris de Bruin |
| Old German Owl (10) | Chris de Bruin | Chris de Bruin** | Jan Lombard |
| African Owl (5) | Leendert Snyman** | ------------------- | Chris de Bruin |
| Oriental Frill - Satinette (2) | ------------------- | ------------------- | Chris de Bruin |
| Oriental Frill - Blondinette (1) | ------------------- | -------------------- | Chris de Bruin |
| Italian Owl (11) | Leendert Snyman** | Leendert Snyman | Bertie Wessels |
| Chinese Owl (81) | Dries Cilliers** | Dries Cilliers | Willie van Zyl |
| Birmingham Roller (84) | Nando Oosthuizen | Flip Koekemoer** | Jan Labuschagne/ Tommy Laubscher |

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | | |
|---|---|---|---|
| SA Distance Roller (20) | At van Jaarsveld** | Tommy Laubscher | Christo Munnik |
| German Beauty Homer (1) | ------------------- | ------------------- | Christo Munnik |
| Working Homer (59) | Lihan Geldenhuys** | Dries Cilliers | Gerhard van Aswegen |
| American Gaint Homer (12) | Piet Odendaal** | Piet Odendaal | Bertie Wessels |
| Parlour Tumbler (6) | Cora Munnik | Tommy Laubscher** | Gerhard van Aswegen |
| American Show Racer (75) | Andries Roelofse | Andries Roelofse** | Bertie Wessels |
| Gimple (5) | Flip Koekemoer | Wesmar Boerdery** | Christo Munnik |
| Cauchois (10) | Chris de Bruin | Chris de Bruin** | Wikus van Niekerk |
| Old Dutch Capuchine (5) | Hennie Hattingh | Hennie Hattingh** | Jan Lombard |
| Damascene (2) | ------------------- | ------------------- | Christo Munnik |
| Modeneser (13) | Len Truter | Leendert Snyman (Jnr)** | Jan Lombard |
| Dutch High Flyer (10) | Chris de Bruin | Chris de Bruin** | Bertie Wessels |
| Swiss Mondain (10) | At van Jaarsveld** | At van Jaarsveld | Hennie Hattingh |
| Jacobin (17) | Nollie Oosthuizen** | Nollie Oosthuizen | Chris de Bruin |
| Frillback (6) | Helene Roodt** | Helene Roodt | Gerhard van Aswegen |
| Indian Fantail (23) | Len Truter | Dreyersloft** | Wikus van Niekerk |
| Brunner Pouter (Jnr) (2) | Lance Bovey** | ------------------- | Christo Munnik |
| Voorburg Shield Cropper (Jnr) (2) | Lance Bovey** | ------------------- | Christo Munnik |
| Gros Mondain (Jnr) (2) | ------------------- | Mari Wessels** | Jan Labuschagne |
| Mookee (Jnr) (8) | Lihan Geldenhuys | Lihan Geldenhuys** | Phillip Lee |
| Portuguese Tumbler (Jnr) (6) | Lance Bovey** | Lihan Geldenhuys | Chris de Bruin |
| Old German Owl (Jnr) (4) | Lihan Geldenhuys | Lihan Geldenhuys** | Jan Lombard |
| Birmingham Roller (Jnr) (4) | -------------------- | Leendert Snyman (Jnr)** | Jan Labuschagne |
| Working Homer (Jnr) (10) | Lihan Geldenhuys | Lance Bovey** | Gerhard van Aswegen |
| American Gaint Homer (Jnr) (1) | -------------------- | -------------------- | Bertie Wessels |
| American Show Racer (Jnr) (7) | Lihan Geldenhuys | Lance Bovey** | Bertie Wessels |
| Modeneser (Jnr) (3) | Leendert Snyman (Jnr)** | Leendert Snyman (Jnr) | Jan Lombard |

**Hooftoekennings Seniors:**

| ***Toekenning:*** | ***Ras:*** | ***Vertoner:*** |
|---|---|---|
| **Skoukampioen** | Fantail | Nico van der Westhuizen |
| **Reserwe skoukampioen** | Modena - Schietti Marked | Seppie Esterhuizen |
| **2de Reserwe kampioen** | Italian Owl | Leendert Snyman |
| **3de Reserwe kampioen** | English Long Faced Tumbler | Wesmar Boerdery |
| **4de Reserwe kampioen** | Birmingham Roller | Flip Koekemoer |
| **5de Reserwe kampioen** | American Gaint Runt | At van Jaarsveld |
| **6de Reserwe kampioen** | Nun | Wikus van Niekerk |
| **Beste Jongduif** | Fantail | Nico van der Westhuizen |

**Hooftoekennings Juniors:**

| ***Toekenning:*** | ***Ras:*** | ***Vertoner:*** |
|---|---|---|
| **Skoukampioen** | Modeneser | Leendert Snyman (Jnr) |
| **Reserwe skoukampioen** | Portuguese Tumbler | Lance Bovey |
| **2de Reserwe kampioen** | American Show Racer | Lance Bovey |
| **3de Reserwe kampioen** | Mookee | Lihan Geldenhuys |
| **4de Reserwe kampioen** | Brunner Pouter | Lance Bovey |
| **5de Reserwe kampioen** | Gros Mondain | Mari Wessels |
| **6de Reserwe kampioen** | Voorburg Shield Cropper | Lance Bovey |
| **Beste Jongduif** | Mookee | Lihan Geldenhuys |

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420

































National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@telkom.net Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## SA's 2025
## MY ERVARING

Ds. Hennie Hattingh

Die besluit van die U.K. is bekend gemaak : SA's 2025 gaan in Nelspruit gehou word met Oostelike Streek as die gasheer. Daar was negatiewe kommentaar hieroor wat die rondte gedoen het – selfs gesprekke dat hierdie jaar se SA's geboikot moet word, is in die wandelgange gefluister. Ander, soos ek, was baie opgewonde oor die moed en die durf wat 'n relatief klein streek aan die dag gelê het in hul voorneme om die SA's aan te bied.

Inskrywings is gedoen en met 'n bietjie ekstra motivering het die inskrywings op 'n raps meer as 900 duiwe gesluit. 'n Groot uitdaging wat voor die deur van die Nasionale Beoordelaarsbeampte kom staan het, was om die beskikbare (en gewillige beoordelaars, waarvan sommige spesiaal Nelspruit toe gery het sonder om duiwe te vertoon) so te plaas dat elkeen 'n regverdige kwota vir beoordeling gekry het. Op die ou einde het die beoordeling goed afgeloop en al was dit so dat nie elke spesklub die beoordelaar gekry het waarvoor aanvanklik gevra is nie, kan met groot lof van die kwaliteit van beoordeling gepraat word.

Ek plaas met groot vrymoedigheid 'n veertjie in die hoed van die Oostelike Streek se bestuur. Ek sou name kon noem, maar kom ons gee aan elkeen van hulle volle krediet vir hul betrokkenheid. Die reëlings was puik, die vertoonarea doelmatig, veilig en ruim ingerig (veral die spasie tussen die rye hokke wat enkellaag gepak was), genoeg loophokke vir beoordeling en die admin gedeelte maklik en vriendelik bereikbaar met hulpvaardige personeel. Ek moet ook nie vergeet die snoepie waar vriendelike personeel gereed gestaan het om die skougangers te bedien.
Ons het heerlik geëet, vanaf die openingsfunksie (wat toe nie worsbroodjies was waaroor ek gehoor het mense in hul mou lag nie) maar 'n heerlik ete voorsien deur die A.P. Kerk, Nelspruit.Donderdagaand se potjiekos en Vrydagaand se prysuitdelingsfunksie. Alles van hoogstaande gehalte.

En toe die verrassing wat nie een van ons verwag het nie, Oostelike Streek gee al die vertoners se ete-gelde van die Donderdag- en Vrydagaande in kontant terug. Wat 'n bewys van 'n streek wat nie teruggedeins het toe die uitdagings daar was nie, maar wat hande gevat het en met die hulp van buite wat hulle gekry het in staat was om die ver- toners, waarvan sommige sovêr as Wes-Kaap en Oostelike Provinsie gekom het, tegemoet te kon kom.

Oostelike Streek, baie dankie vir dit wat julle ons aangebied het. Ons wie daar was, salueer julle met groot graagte.


Geluk ook aan Oostelike Streek met die verkiesing van een van julle lede, Dirk Scholtz, as Nasionale President van die S.A.S.V. vir die volgende termyn. Sterkte vir julle as streek die toekoms in. Al is julle ledetal nie baie nie, het julle beslis die wil om iets suksesvol uit te voer.

Duiwegroete

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: Cell: 061 661 7420
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

SA Wattle Breed Club / SA Sponsduif Klub

**President: Bertie Wessels**
**e-mail: bertie_wessels@hotmail.com**
**Sel: 083 733 4191**
**Sekretaris: Ds Hennie Hattingh**
**e-mail: henniehattingh703@gmail.com**
**Sel: 082 923 3910**
*Prestigeskou* *Augustus 2024*
*3de Saterdag van Januarie elke jaar in Kroonstad*



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell:061 661 7420

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



sluit aan by ons...

SA FANTAIL CLUB
WAAIERSTERTKLUB

# Kontak:

**Danie**

Sel: 072 585 4028

**Abraham**

Sel: 071 600 1990

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 061 661 7420

# Bankovs and Manie Fourie Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R1000 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R300 each**
**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**
**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**
**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**
**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**
**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**
**7. National pocket badges (Green) R70 each**
**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**
**9. National Ties (Green) Contact Ringmaster**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R1000 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | |
|---|---|
| **1. Eastern Region:** | **1124** |

**Manie Fourie Trophy**

| | |
|---|---|
| **1. North-of-the-Vaal:** | **450** |
| **2. Northern Freestate:** | **450** |
| **3. Western Transvaal:** | **300** |
| **4. South Western Districts:** | **0** |
| **5. Western Cape:** | **0** |
| **6. Eastern Province:** | **0** |
| **7. Northern Cape:** | **0** |
| **8. KwaZulu-Natal:** | **0** |
| **9. Freestate:** | **0** |

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

*Suid-Afrikaanse Homer Klub*



*President: Christo Munnik*
*e-mail: cora.christo@gmail.com*
*Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Huidig;ik vakant*

Augustus 2024

